



BIDDEND LUISTER

Gebedsriglyne vir die weke van 1-7 Februarie 2016

GEBED 0 – 5 min: Raak stil. Raak net rustig, sit gemaklik, maak jou oë toe, haal diep asem. Bid dan: “Jesus Christus, Seun van God, wees my genadig”, oor en oor sodat jou fokus na God verskuif.

5 – 10 min: Bid 'n Psalm. Bid nou deur Psalm 99.

10 – 20 min. Skrifgedeelte vir die week Lees Markus 5:21-43 (familiediens) of Lukas 5:1-11(aanddiens). Oordink dit biddend. Kies een gedagte wat vir jou uitstaan, oordink en bepeins dit totdat jy “hoor” wat God vir jou en vir Somerstrand Gemeente hierdeur wil sê. As jy iets spesifiek ontvang wat jy graag wil deel, laat weet vir Rethie by rethievanniekerk@gmail.com

20 – 25 min. Laat U Naam geheilig word. Spadeer die 5 minute aan gebed vir die heiliging van God se Naam in jou eie lewe; in en deur Somerstrand Gemeente se leierskap; in en deur Somerstrand Gemeente se lidmate. Bid ook teen die verontheiliging van God se Naam en bely dit wat jy van weet in jou eie lewe en wat by Somerstrand Gemeente as liggaam voorkom.

25 – 35 min. Laat U koninkryk kom

- Bid spesifiek vir die drie mense wat op jou gebedslys is. Bid die Skrifgedeelte vir die week vir hulle (iets wat van toepassing is).
- Bid vir Sondag se eredienste en vir Rethie wat dit lei. Bid vir haar voorbereiding, dat die Here sy boodskap aan haar sal openbaar. Bid dat die Gees mense se harte sal voorberei en dat die eredienste 'n ware ontmoeting met God sal wees.
- Bid vir Woensdag se erediens by Waltonpark.
- Bid vir almal wat ons eredienste tolk.
- Bid vir almal wat berokke is by die toepassings vir die kinders en jongmense. Bid dat die Gees ook elke kind en jongmense spesiaal sal ontmoet.
- Dank die Here vir elkeen wat aangebied het om te hep met die klank. Bid dat die Here nog vrywilligers sal stuur. Bid vir opleiding en toerusting.
- Sondagaand is meeste van die studente terug. Die eerstejaardiens het 'n wonderlike energie opgebou. Daar was baie lanklaas soveel mense in die aanddiens. Bid dat elkeen van die eerstejaars, en die mense wat weer aan die begin van die jaar eredienste bywoon, ingeskakel sal word en sal tuis voel. Bid dat hierdie energie sal groei deur die jaar.
- Bid vir die tweede verwelkomingsweek, wat studente help om die omgewing te leer ken, om die ander jongmense te leer ken, ens. Die eerste week het baie goed verloop. Bid dat nog jongmense hierby sal inskakel. Bid dat daar blywende verhoudings sal ontstaan, sodat mense werklik sal tuiskom in ons gemeente.
- Bid vir die Dagbestuur wat Maandagaand vergader. Bid onderskeidingsvermoë, dat die dagbestuur nie hul eie planne sal maak nie, maar in afhanklikheid van die Gees sal onderskei wat God se wil vir die onderskeie sake op hul tafel is.
- 'n Klomp eerstejaars het aangedui dat hulle op verskillende maniere by die gemeente betrokke wil raak, o.a. by verwelkoming by die aanddiens. Bid vir Tiaan van Eyk, wat hierdie bediening lei. Bid dat die Here hierdie jongmense en hierdie bediening sal toerus en sien.
- Bid vir die studente selgroepe en vir Dane Brand en Nicolaas van Zyl wat dit lei. Bid dat die studente sal commit en hierby sa inskakel. Bid dat die Here hierdie groepe sal gebruik sodat die studente sal groei in hul verhouding met Hom.



BIDDEND LUISTER

- Bid vir al die reelings rondom die kermis. Dank die Here vir die wonderlike gesindheid en al die mense wat aanbied om te help.
- Corneille kom hierdie naweek in SA aan. Bid vir hom en sy familie met sy ma se siekte. Bid vir sy gesin wat in Frankryk agterbly. Bid dat hy ook in hierdie tyd die probleme met SARS sal kan uitsorteer.
- Die Zithulele Vennootskap vergader volgende naweek by Hole in the Wall. Daar sal ongelukkig geen verteenwoordigers van ons gemeente kan wees nie. Bid ook vir hierdie vergadering en die Here se leiding oor rondom ons gemeente se betrokkenheid daar.

35-45 min. Laat u wil geskied.

- Bid vir ons eredienste, dat dit sal groei, dat die Here ons sal lei rondom die inrigting daarvan, dat ons gehoorsaam sal wees. Bid dat die Gees in en deur die dienste sal werk, sodat mense daardeur geestelik sal groei.
- Bid ook dat die Here ons sal lei rondom die inrigting van ons tolk-sisteem.
- Bid vir die Blokleiers. Die Blokleiers het 'n baie kreatiewe gesprek gehad oor die manier waarop ons mense insluit en waarop mense deel raak en voel van ons geloofsgemeenskap. Bid vir hulle, dat die Gees elkeen van hulle sal lei om op hul unieke manier na die mense wat die Here oor hul pad bring, uit te reik.
- Bid dat die Gees in ons gemeente sal werk, sodat ons dit beter sal regkry om nuwe mense in te sluit en help om tuis te kom in ons gemeente.
- Bid dat ons die jongmense in ons omgewing sal bereik. Bid dat ons hulle sal kan help om in te skakel en tuis te kom by ons gemeente, dat hulle welkom sal voel, nuwe mense maklik sal inskakel en vriende sal maak, ens.
- Bid dat ons kleingroepe mense sal help om nader aan God te leef – na God te luister – dat mense in en deur ons kleingroepe geestelik sal groei.
- Is daar iets wat God nou in die tyd vir jou bekend gemaak het van sy wil? Laat weet vir Rethie by rethievanniekerk@gmail.com.

40 – 45 min. Gee ons vandag ons daaglikse brood.

Ons **dankoffer** inkomste is ook baie ver onder begroting. Die totale tekort tot einde Januarie is meer as R350 000 (benewens die tekort van R340 000 waarvoor ons in elke geval begroot het). Daar is 'n testamentêre bemaking wat eersdaags sal inkom. Natuurlik is daar ook nog twee maande se normale dankoffers. Dit is egter ook so dat ons op 'n tekort - heelwat groter as verwag - afstuur. Die Dagbestuur sal eerskomende Maandagaand oor moontlike stappe besin.

Bid dat ons lidmate gehoorsaam sal wees in hul rentmeesterskap en dat daar groter milddadigheid sal wees. Bid dat die Here in ons gemeente se finansiële behoeftes sal voorsien.

45 – 50 min. Vergeef ons ons oortredinge. Bid vir vergifnis vir jouself en vir die gemeente waar ons moontlik ongehoorsaam was aan God.

50 – 55 min. Laat ons nie in versoeking kom nie... Bid spesifiek dat God ons sal waaksaam maak teen enige vorm van versoeking. Bid ook vir verlossing van die houvas en verblinding van die Bose, vir ons as Liggaam, maar ook spesifiek vir die mense op jou gebedslys.

Liefde & seënwense, Rethie